**Opsies vir onttrekking van tweepotspaargeld**

# Gebruik WhatsApp vir inligting en maklike onttrekking

Ons ontwerp ons dienste om jou gerief 'n prioriteit te maak en bied drie opsies om jou tweepotbehoeftes te bestuur. Daar is onder andere **die NMG Benefits-WhatsApp-diens, wat spesiaal vir jou geskep is. Dit is nie net 'n veilige plek om onttrekkings te maak nie, maar ook 'n platform propvol hulpbronne wat jou help om meer oor die tweepotstelsel uit te vind en ingeligte besluite vir jou finansiële toekoms te neem.** Alhoewel ons webportaal vir lede en die spaargeldonttrekkingsvorm beskikbaar is, beveel ons aan dat jy die vorm as laaste uitweg gebruik om te verseker dat jou ervaring seepglad is en maklik verloop.

## Opsie 1: Via WhatsApp

| STAP 1 > | STAP 2 > | STAP 3 > | STAP 4 > |
|---|---|---|---|
| **Skandeer** die kode **of** stuur **"Hi"** na **072 814 6929** om aan die gang te kom | Kies (A) uit die hoofkieslys om te gaan na "Log into my retirement fund (NMG administers my benefits)" (Meld aan by my aftreefonds (NMG administreer my voordele)) | Volg die porboodskappe om jou identiteit te bevestig. Hou asseblief jou Suid-Afrikaanse ID- of paspoortnommer, belastingnommer en werknemernommer gereed | Verken dan:<br>• **Verstaan** die tweepotstelsel<br>• **Kyk** of jy vir onttrekking in aanmerking kom<br>• **Sien** jou fondskrediet in die verskillende potte<br>• **Onttrek** uit jou spaarpot<br>• **Plaas geld oor** tussen potte<br>• **Vra** vir hulp |

**Onthou om jou kletsinhoud in WhatsApp te verwyder sodra jy klaar is om seker te maak jou inligting bly veilig.**

## Opsie 2: Via die webportaal

Jy kan die NMG-webportaal vir lede besoek om jou spaarpotsaldo te sien en 'n onttrekking direk aan die gang te sit. Jy kan hier toegang tot die portaal kry.

## Opsie 3: Via die vorm

As jy nie WhatsApp het of toegang tot die webportaal vir lede kan kry nie, kan jy jou werkgewer vra vir hulp om 'n onttrekking met behulp van 'n spaargeldonttrekkingsvorm te verwerk. **Let asseblief daarop dat as jy die vorm gebruik, verwerking langer sal vat. Dit moet dus net as laaste uitweg beskou word.**

Vir tweepotnavrae, klik asseblief hier.



Die NMG SA-groep van maatskappye is gemagtigde finansiëledienseverskaffers wat as NMG Benefits handel dryf.

# Opsies vir onttrekking van tweepotspaargeld

## Wanneer kan ek van my spaarpot onttrek?

**Jy kan een keer elke belastingjaar uit jou spaarpot onttrek (onthou die belastingjaar is vanaf 1 Maart in een jaar tot 28 Februarie die volgende jaar). Maar daar is 'n paar vereistes waaraan jy moet voldoen:**

- Jy moet minstens R2 000 in jou spaarpot hê om te kan onttrek, omdat die laagste bedrag wat mens kan onttrek, R2 000 is. As jy nog nie R2 000 in jou spaarpot het nie, sal jy moet wag tot jou spaarpotsaldo uit bydraes en groei van belegging gegroei het voordat jy kan onttrek
- As jy 'n huisleningswaarborg, 'n egskeidings- of onderhoudsbevel teen jou voordele in die fonds het, of as jou voordeel in die fonds as gevolg van wangedrag teruggehou word, sal die administrateur die besonderhede van die aftrekking aan jou verduidelik, waarna hulle vir jou sal sê of jy wel kan onttrek of nie. Dit is om seker te maak die fonds sal aftrekkings van jou totale fondskrediet kan betaal en ook jou onttrekking kan uitbetaal.

## Wat is die maksimum bedrag wat ek uit my spaarpot kan onttrek?

Daar is nie 'n maksimum bedrag nie. Jy kan een keer elke belastingjaar die volle opgehoopte bedrag uit jou spaarpot onttrek.

## Kos dit geld om uit my spaarpot te onttrek?

Ja, jy sal 'n bedrag moet betaal om uit die spaarpot te onttrek. Die heffing sal afhang van die waarde van jou onttrekking. Dit word bereken as 2,5% van die bruto onttrekkingswaarde. Die minimum bedrag is R85 en die maksimum bedrag is R600. As jy dus R20 000 uit jou spaarpot onttrek, sal jy R500 betaal [R20 000 x 2,5% = R500] en as jy R30 000 onttrek, sal jy R600 betaal [R30 000 x 2,5% = R750; maksimum is R600].

## Moet ek belasting op my spaarpotonttrekking betaal?

As jy voor jou ouderdom van aftrede uit jou spaarpot onttrek, sal jy belas word teen jou marginale belastingkoers, wat op jou bruto jaarlikse inkomste en die inkomstebelastingstabel gegrond is. Die administrateur sal by SARS aansoek doen vir 'n belastingaanwysing om die belastingkoers te bevestig wat hulle teen jou spaarvoordeelonttrekking sal hef. Hou in gedagte dat dit moontlik is dat die waarde van jou onttrekking jou na 'n hoër belastingkategorie kan skuif wanneer dit by jou jaarlikse inkomste getel word; jy kan dalk meer belasting betaal as wat jy gedink het jy sou. **As jy enige uitstaande skuld by SARS het, kan SARS dalk aan die administrateur opdrag gee om jou skuld eers uit die spaargeldonttrekkingsbedrag te betaal voordat enige fondse aan jou oorbetaal word.**

## Wat is die omkeertyd om fondse te eis?

Ons verwag dat dit 10 werksdae sal neem vir versoeke via die NMG Benefits-WhatsApp-diens of die NMG-webportaal vir lede, en 20 werksdae vir spaargeldonttrekkingsvorms, as SARS die groter volumes kan hanteer.

## Is die tweepotstelsel op my van toepassing?

Volgens wet moet alle lede van geregistreerde aftreefondse aan die tweepotstelsel deelneem, maar daar is 'n paar uitsonderings. Die tweepotstelsel sal op jou van toepassing wees tensy jy 'n pensioenaris, lid van 'n onopgeëiste voordelefonds of lid van 'n begunstigdefonds is. As jy lid is van 'n ondersteuningsfonds, en jy was op 1 Maart 2021 ouer as 55 jaar oud, en jy is nog steeds deel van dieselfde ondersteuningsfonds, het jy die keuse om óf deel van die tweepotstelsel te wees, óf om nie daarvan deel te wees nie.

## Moet ek geld uit my spaarpot onttrek?

As jy kies om van jou voordele as kontant te ontvang, is dit moontlik dat jy nie op koers sal bly wat jou langtermyn- finansiële doelwitte betref nie. Baie Suid-Afrikaners vind dat hulle te min vir aftrede gespaar het; dikwels omdat hulle voor aftrede te veel geld onttrek het. Dit is dus 'n goeie idee om voor jy geld uit jou spaarpot onttrek eers advies van 'n geregistreerde finansiële raadgewer te kry om seker te maak jy neem die beste besluit vir jou toekoms.